

Sondag 6 September

Skrifgedeelte: Rut 3:10-18

Fokusgedeelte: Rut 3:13, 18

Die Here se beskikking van seëninge deur 'n aanstaande lossier

Psalm 134-1:4 is onder ons bekend. Die sing van hierdie seënbede tref meestal die hart wanneer en waar dit in die kring van gelowiges gesing word:

*“Laat, HEER, u seën op hul (hom/haar) daal,
u guns uit Sion hul (hom/haar) bestraal!
U wat beveel en – dit geskied,
wil, HEER, u seën oor hul (hom/haar) gebied!”*

Die afloop van die tweede (beplande) ontmoeting tussen Boas en Rut staan onder die ontroering van die Here se (genadige) beskikking van seëninge.

Versluierde bedoelinge – as bedenklik en onverantwoordelik – was nie eie aan Rut se inkrui by Boas se voete nie. Haar handelinge, soos 'n bruid met die oog op 'n swaershuwelik, staan gesluit in Boas se reaksie daarop. Rut het nie slegter gedoen deur agter ander jongmense aan te loop nie. Sy was haar reputasie as deugsame vrou waardig (vs 10, 11).

Verder kom die “*rus*” waarna Naomi en Rut op soek was – waarmee hoofstuk 3 begin en in vers 18 afsluit – in die Here se beskikking van Boas as aanstaande *lossier* tot ontsluiting met die neem van Rut onder sy vleuels (beskerming). Eers moes die moontlikheid van 'n ander *lossier* as naaste familielid uitgeklaar word, maar waar Rut nie met leë hande by Naomi aangekom het nie (vs 15, 17), was hiermee reeds die weg vir 'n *lossier* in 'n opofferende en in 'n seënde gestalte gebaan.

Die seëninge van die Here in sy beskikking van 'n aanstaande *lossier* is nie tot Rut 3 beperk nie. Dit was in aanloop tot dié opofferende en seënde gestalte wat in Jesus Christus vervul is. In Hom is ons werklik geseëndes “*met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is*” (Ef. 1:3). Ons erfdeel is deur dié *Lossier* nie en nooit verlore nie. Onder sy vleuels is altyd by God *rus* te vind. Daarom is dit ook 'n bede vir elke dag: “*U wat beveel en – dit geskied, wil, HEER, u seën oor ons gebied!*”

Sing: Psalm 115-1:8

Ds. EJ Tiemensma (Eddie) (Emeritus)